

**SKRIFGEDEELTE: GENESIS 12:1-9; HEBREËRS 11:8-10**

**FOKUSGEDEELTE: GENESIS 12:1; HEBREËRS 11:8**

### **Abraham – Gaan die onbekende met geloof in**

Soms neem die Here jou op vreemde paaie en verloop jou lewe nie soos jy beplan of voorsien het nie. So moes Abraham (vader van 'n menigte) wegtrek, weg van sy mense en sy familie af, sonder om te weet waar hy sou uitkom. Hy het dit egter gedoen, want hy het in God geglo.

Geloof in God behels dat jy agter God se roepstem aangaan, waarheen Hy jou ook al vat, selfs die onbekende in. Dit is nie 'n blinde, ondeurdagte sprong in die donker nie, want dit berus op God se beloftes. God het beloftes aan Abraham gegee (Gen. 12:2-3) en dáármee kon Abraham die onbekende toekoms ingaan. Dit het aan Abraham geloofsvisie gegee sodat hy uitgesien het na die stad wat vaste fundamente het en waarvan God self die ontwerper en bouer is (Heb. 11:10).

Om die onbekende met geloof in te gaan, beteken nie dat alles net goed sal verloop of dat jy nooit sal foute maak nie. Die verhaal van Abraham se lewe is vol voorbeelde hiervan. Die verhaal van Abraham se lewe wys egter ook hoe God regmaak waar 'n mens gefaal het. Dit wys hoe God Hom aan sy gelowige kind verbind. Dit wys hoe niks vir God onmoontlik of te laat is nie. Dit wys hoe God uitkoms gee wanneer alles donker en verlore lyk.

Die verhaal van Abraham se lewe wys dat ons nie net teen die hier en nou moet vaskyk nie. Dit wys dat ons inderdaad die onbekende met geloof kan ingaan.

Die toekoms is vir ons onbekend. Ons weet nie wat dit vir ons inhou nie. Tog kan jy dit met geloof tegemoet gaan, want alles wat Abraham se lewe vir jou oor God leer, is soveel te meer waar as gevolg van dit wat Jesus Christus gedoen het. Hy het al God se beloftes waar gemaak.

*Sing: Psalm 91-1:1, 2, 6*

*Ds. JL (Jannie) van der Schyff (Welkom-Noord)*